Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, July 11, 2021
Page: 16

Nico van Gijsen



Raad met jou rande




# Wat regtig tel met beleggings oorsee

## Los emosie en swartgalligheid uit die proses

Kom ons kyk bietjie na buitelandse beleggings. Na die hoekom, die hoe, die risiko en sommer ook 'n stukkie oor die belasting.

Die doel met geld in die buiteland belê, is en moet altyd wees, diversifisering van jou beleggingsportefeulje. Dit maak eenvoudig sin, as ek die geykte uitdrukking kan gebruik, om nie al jou eiers in een mandjie te hou nie. Deur 'n deel van jou beleggings in meer as een geldeenheid, ekonomie en streek te hou kan baie help om die soms troebel markomstandighede te bowe te kom.

Wat jy nie moet doen nie is om jou ore uit te leen aan diegene wat politieke emosie gebruik om jou die skrik op die lyf te jaag.

Ons hoor baie van randverskansing as 'n rede om geld in die buiteland te belê.

En dit is 'n faktor om in berekening te bring. Maar dit is ook 'n addisionele beleggingsrisiko, wat bestuur moet word, nie 'n alles-in-een-motivering om al jou geld buiteland toe neem nie.

As jy byvoorbeeld een van die mense is wat 'n jaar gelede geluister het na die "raad" van diegene wat niks goeds oor Suid-Afrika te sê het nie en "al jou geld in die buiteland gaan belê het", het jy (die afgelope week 'n jaar gelede) jou aandele daar aangekoop teen 'n wisselkoers van R17,08 teenoor die dollar. Die rand het die afgelope week verhandel teen R14,29 teenoor die dollar. Jy het dus in een jaar, sonder enige markbeweging in jou belegging, 'n (negatiewe) opbrengs van -16,33% bewerkstellig.

Ek sê weer, die wisselkoers is 'n risiko.

Dit kan bestuur word, maar dit is 'n risiko, nie net 'n groeigeleentheid nie.

Ek probeer niemand afskrik nie. Buitelandse beleggings is nodig vir diversifisering. Maar hou emosie en die swartgalligheid daar uit.

Die hoekom van 'n deel van jou geld in die buiteland belê, het ek reeds hierbo aangeraak. Dit gaan oor diversifisering.

Die FTSE/JSE-indeks van alle aandele (Alsi) verteenwoordig byvoorbeeld maar sowat 1% van die wêreldaandelemarkte.

Oor die hoeveel kan 'n mens lank gesels, maar ek sou sê so 30%, selfs dalk 40%. Maar dit gaan afhang van jou beleggingsdoelwit en die termyn. Dit is 'n langtermynbelegging, nie 'n resep vir oornag ryk word nie.

### Jou drie opsies

Ek kyk nou kortliks na die drie maniere hoe jy buitelandse blootstelling met jou beleggings kan kry.

Eerstens is daar ons plaaslike effektetrustfondse, wat tot 30% in die buiteland kan belê, met 'n verdere 10% in Afrika.

Dit versprei reeds jou blootstelling. Dit is benewens die blootstelling aan Suid-Afrikaanse maatskappye, wat as deel van hul bedrywighede ook in die buiteland sake doen. Kortom, deur in plaaslike effektetrustfondse te belê het jy reeds goeie blootstelling aan geleenthede buite Suid-Afrika.

Die tweede opsie behels dat jy hier in rand-gedenomineerde buitelandse fondse belê. Jy belê in rand en jou geld, wanneer jy dit onttrek, betaal uit in rand.

Maar jy is ten volle belê in die buiteland. Jy hoef ook nie jou buitelandse toegewing hiervoor te gebruik nie, jy gebruik dié van die fondsbestuurder.

Die derde opsie is om jou buitelandse toegewing te gebruik om direk by buitelandse batebestuurders te belê. Jy kan tot R1 miljoen per jaar belê, wat dan omgeskakel word in die buitelandse geldeenheid van jou keuse. Vir bedrae bo dit (tot R10 miljoen) moet jy eers klaring by die Ontvanger van Inkomste kry.

As jy geld onttrek kan dit omgeskakel word in rand, of dit kan direk in die ander geldeenheid uitbetaal as jy 'n oorsese bankrekening het.

Sou jy kies om direk in die buiteland te belê sou ek sterk aanraai dat jy 'n kundige finansiële raadgewer (soos eintlik maar met enige beleggingsbesluit) betrek en een van die plaaslike beleggingsplatforms gebruik.

Deur van 'n plaaslike beleggingsplatform gebruik te maak kan ook boedelbeplanningsvoordele inhou. By dood word jy belas op jou wêreldwye bates en deur van plaaslike beleggingsplatforms gebruik te maak kan jy baie van die administratiewe pyne van boedelafhandeling met buitelandse bates vermy.

### En belasting?

Kapitaalwinsbelasting (KWB) is altyd ter sprake as jy aandele van die hand sit. En dan kan dit tot jou voordeel wees om liewer direk in die buiteland te belê, eerder as in rand-gedenomineerde buitelandse fondse. Met laasgenoemde betaal jy KWB op die volle kapitaalwins, ingesluit kapitaalgroei en die wisselkoersverandering. Sowel die basiskoste as die wins word bereken in rand.

As jy in 'n buitelandse geldeenheid belê het, betaal jy net KWB op die kapitaalgroei in die buitelandse geldeenheid. Jou KWB word dan bereken deur die wins in die buitelandse geldeenheid om te skakel in rand teen die wisselkoers wat geld op die dag van verkoop.

Wat beteken dit alles? Sou die rand verswak het, sou dit beter wees as jy direk in die buitelandse fonds was. Sou die rand versterk het, sou dit beter wees om in rand-gedenomineerde fondse te belê.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.